

'n Poncho is weer
modenuus. Gooi dit
gou oor jou kop en vat
die stofpad

Hoe bont, hoe beter

PONCHO

Benodigdhede

Pingouin Mosaic Brushed Chunky
(50 g-bolle) 16(20) bolle Black (kleurnr. 01)
6(8) bolle Scarlet (kleurnr. 18)
3(4) bolle White (kleurnr. 01)
een paar 5,00 mm-Ne
een 4,50 mm-hekelpen, 2 krale (opsioneel)
Afkortings op bl. 76

Mate

klein en groot. Let daarop dat die patroon
baie loospasend is.
ruglengte - 87(96) cm
wydte 131(144) cm

Spanning

16 ste en 22 rye = 10 x 10 cm met 5,00 mm-Ne.

Wenk: Dié poncho word in twee dele gebrei
met nate voor en agter.

Linker- en regterpant (spieëlbeelde)

Gebruik 5,00 mm-Ne en Anthracite en stel 100(120) brei volgens diagram in ks, tot pant 61(70) cm lank is vanaf beg – 134(154) rye.

Halsopening van voorpant: Heg 2 ste af aan halsrand en brei voort tot pant 73(82) cm lank is vanaf beg – 160(181) rye.

Halsafskuinsing: Heg 8(10) ste af aan halsrand, daarna, en elke alt ry, 2 ste 2 keer en 1 ste 2 keer – 84(92) ste bly oor.

Brei reguit tot pant 81(90) cm lank is – 178(198) rye. Moet nie afheg nie, maar brei voort in spieëlbeeld vir agterpant.

Halsopening agterpant: Word gevorm soos en dieselfde diagram word gebruik soos vir voorkant.

Brei 7 rye reguit en vermeer ste vir halsopening in elke alt ry: 1 st 2 keer, 2 ste 2 keer. Stel 10(12) ste op. Brei reguit tot 63(83) rye voltooi is. Brei voort volgens dia, maar beg by boonste motief en werk in omge-keerde volgorde – dus na onder. Heg af. Brei 2e pant op dieselfde manier, maar met omgekeerde halsvorming.

Afwerking

Werk voor- en agternaat toe.

Omranding

Met RK voor beg by voorste rand aan voorkant en met 5,00 mm-Ne tel 200(220) ste op en brei 10 rye rs. Heg dié ste af, maar moenie die werkdraad afknip nie, draai en tel sowat 300(316) ste aan regtersykant op. Brei 10 rye rs en heg af, weer eens sonder om werkdraad af te knip, draai werk om, tel 206(226) ste op aan agterkant, brei 10 rye rs en gaan te werk soos voorheen, heg af, draai werk en tel sowat 312(322) ste uit linkersykant op. Brei 10 rye rs, heg af, en knip draad af.



Halsopening: (dieselfde aan albei kante)

Gebruik 5,00 mm-Ne en tel 24 ste op, brei 2 rye rs en heg af.

Halsafskuinsing: Met 5,00 mm-Ne, tel ongeveer 95 ste op en brei 3 rye rs, heg af.

Koord: Met 4,50 mm-hekelpen maak 'n koord van 50 ks en 'n 2e koord van 60 ks. Heg aan bopunt van halsafskuinsing vas. Krale kan aangewerk word, indien verkies. □

Nekopening van linker- en regterpant



50 (klein)

60 (groot)

PONCHODIAGRAM
groot - 2 x = 120 steke

klein - 2 x = 100 ste